NGS LTDO Stoei reels vir toernooie - Feb.2014

Ouderdom O/6, O/07 & O/08 Jr:

Weereens om toernooie vinniger en effektiewer aan te bied en nog steeds Massa deelname te bevorder Stoei verkieslik op 'n **4 Sirkel Mat** dit verkort die toernooi aansienlik. Selfs al stoei hulle op een mat moet dit 'n kleiner 4M sirkel in kry. (NGS se visie is regtig om korter toernooie aan te bied-Max 4 ure)
Tydsduur: 2 rondtes van 1 en half minuut **(90 Sek)** elk met 'n **rustyd** van **30 sekondes**.
Stoei sal voortduur vir die volle een en half minuut in elke rondte sonder stop. Die Skeidsregter en afrigter moet saam toesig hou en besluit indien daar enige risiko bestaan vir beserings of te groot verskil in die vaardigheidsvlakke van twee stoeiers is sal die wedstryd gestop word.

Toekenning van punte:

Punte sal ook nou oor Altwee die rondtes opgetel word en nie meer per Rondte nie.

- **1 Punt aksie:** Bly soos dit tans is vir die 2de beheer op die mat na die afbring. (Switch)
- **2 Punt aksie:** Bly soos dit tans is. 2 vir die afneem uit staan met beheer en vir Gevaar Pos.
- **4 Punt aksie:** Geen Gevaarlike Kop, Nek en Bors gooi aksies sal in die ouderdomsgroep toegelaat word nie. Indien die stoeier 'n gevaarlike gooi greep uitvoer sal die skeidsregter die fluitjie blaas en die stoeier rustig aanspreek. Geen punte en Stoei gaan voort in staan posisie.
- **"Takedown" direk in gevaar:** Om meer Tegniese stoei te motiveer, wil ons liewer "Takedowns" van die Onderlyf en bene bevorder wat direk in gevaar eindig op sy rug. Dit sal dan hanteer word as 'n "Takedown" + Gevaar. Punte word dan aangetoon as 2 + 2 Punte, of net direk **4 punte**.
- **Val:** Omrede ons nie die VAL wil afwater nie, sal vir 'n VAL **4 punte** toegeken word sonder dat die wedstryd beëindig word, blaas fluitjie en stoei sal weer hervat word in staan stoei. Elke val behoort dus 8 punte te verdien (2+2+4, x 2 =16) dus na **na 2 valle eindig Wedstryd met T/S.**
- **Tegniese Superioriteit (T/S):** Sodra enige stoeier met **15 Punte** voorloop of **2 x Valle** aangeteken het (d.w.s.Takedown+Gevaar+Val 2+2+4=8, x 2=16) watter een ookal eerste gebeur, **eindig die Wedstryd** en die wenner word op die telkaart met 'n **T/S,**Klassifikasie Punt aangedui. (dit is onnodig om die opponent weer terug te bring vir verdere vernedering vir hom en sy ouer)
- **Wenner:** Daar sal vir O/6-7 nie wenners aangewys word nie, altwee hande word opgesteek. **By O/8 kan ons die hand begin lig**. Klasifikasie punte sal steeds toegeken word vir Prestasie Pryse.
- **Uittrap:** Daar sal geen punte toegestaan word wanneer 'n stoeier uittrap nie. Skeidsregter sal die fluitjie blaas met uittrap en stoei sal weer in die middel van die mat hervat word.
- **Vermanings/Brutaliteit:** Wanneer 'n stoeier 'n ontoelaatbare greep of aksie uitvoer sal die skeidsregter dadelik die fluitjie blaas en die stoei stop, waarskuwing gee en stoei sal voort gaan.
- **Beserings tyd:** Indien daar 'n besering is, sal die afrigter in oorleg met die mediese beampte besluit of die stoeiers wel verder kan deelneem.
- **Kleredrag:** Daar word voorgestel dat stoeiers in die normale stoei drag deelneem. Anders kan hulle wel in die volgende **nutrale kleredrag** deelneem: Wit Kort Broekie "shorts" met geen vasmaak middels soos knope of gespes en 'n Wit T-hemp, **geen Rooi of Blou drag nie.**

Tekkies – sagte sool geen harde voorwerp wat bo die oppervlak van die skoen uitsteek nie.
Die beamptes sal 'n rooi en Blou bandjie vir die onderskeie stoeiers aansit om sy enkel of arm.

- **Ontoelaatbare Grepe:** NGS voel sterk dat **kop en Nek Grepe** in hierdie Ouderdomsgroep verbode moet wees, Bv Kopklem en Kwart Nelson. Daar is oor en oor ondervind dat mismoedigheid en Trane elke keer vanuit sulke grepe ontstaan.

Ouderdom O/09 & O/10 jr: (O/11jr Stoei nou normale reels met illiminasie)

Weereens om toernooie vinniger en effektiewer aan te bied en nog steeds Massa deelname te bevorder Stoei verkieslik op 'n **2 Sirkel Mat** dit verkort die toernooi aansienlik. Selfs al stoei hulle op een mat moet dit 'n kleiner 4M sirkel in kry. (NGS se visie is regtig om korter toernooie aan te bied-Max 4 ure)
Tydsduur: 2 rondtes van 2 minuute **(120 Sek)** elk met 'n **rustyd** van **30 sekondes**.
(vir Massa deelname doeleindes kan dit verkort word na 1 en half minuut, 90 sek. rondtes om aan te pas by een sentrale tydhouer vir al die matte.)
Stoei sal voortduur vir die volle twee minuute in elke rondte sonder stop. Die Skeidsregter en afrigter moet saam toesig hou en besluit indien daar enige risiko bestaan vir beserings of te groot verskil in die vaardigheidsvlakke van twee stoeiers is sal die wedstryd gestop word.

Toekenning van punte:
Punte sal ook nou oor Altwee die rondtes opgetel word en nie meer per Rondte nie.

- **1 Punt aksie:** Bly soos dit tans is vir die 2de beheer op die mat na die afbring. (Switch)
- **2 Punt aksie:** Bly soos dit tans is. 2 vir die afneem uit staan met beheer en vir Gevaar Pos
- **4 Punt aksie:** Gooi aksies vir hiedie ouderdom kan toegepas word en verdien **4 punte** as direk in gevaar. (Kyk nog steeds vir oorheersing op vaardigheid en **beskerm die onervare Stoeier** deur wedstryd te stop met 'n T/S)
- **5 Punt aksie:** Geen 5 punt aksies sal toegelaat word nie.
- **Val:** Omrede ons nie die VAL wil afwater nie, sal vir 'n VAL **4 punte** toegeken word sonder dat die wedstryd beëindig word, blaas fluitjie en stoei sal weer hervat word in Staan stoei. Elke val behoort dus 8 punte te verdien (2+2+4, x 2 =16) dus na **na 2 valle eindig Wedstryd met T/S.**
- **Tegniese Superioriteit (T/S):** Sodra enige stoeier met **15 Punte** voorloop of **2 x Valle** aangeteken het (d.w.s.Takedown+Gevaar+Val 2+2+4=8, x 2=16) watter een ookal eerste gebeur, **eindig die Wedstryd** en die wenner word op die telkaart met 'n **T/S,** Klassifikasie Punt aangedui. (dit is onnodig om die opponent weer terug te bring vir verdere vernedering vir hom en sy ouer)
- **Wenner:** Vanaf O/9 sal die wenners aangewys word deur sy hand op te lig. Daar sal steeds op die kaart die Klasifikasie punte bepaal word vir Prestasie Pryse.
- **Uittrap:** Daar sal geen punte toegestaan word wanneer 'n stoeier uittrap nie. Die skeidsregter sal die fluitjie blaas wanneer die stoeiers uittrap en stoei sal weer in die middel van die mat hervat word.
- **"Clinch":** Geen "clinch" sal toegepas word nie. Wanneer die telling 0-0 is aan die einde van 'n rondte sal stoei normaal hervat word na rustyd. Indien daar geen punte in enige van die rondtes aangeteken word nie, sal dit die einde van die wedstryd wees.
- **Vermanings/Brutaliteit:** Wanneer 'n stoeier 'n ontoelaatbare greep of aksie uitvoer sal die skeidsregter dadelik die fluitjie blaas en die stoei stop. Die skuldige stoeier sal gewaarsku word en die stoei sal voort gaan. Indien daar brutaliteit plaasvind sal die wedstryd dadelik gestop word en is dit die einde van die wedstryd.
- **Beserings tyd:** Indien daar 'n besering is, sal die afrigter die in oorleg met die mediese beampte besluit of die stoeier wel verder kan deelneem.
- **Kleredrag:** Daar word voorgestel dat stoeiers moet hier in die normale stoeidrag deelneem, Rooi en Blou pakke met stoei skoene.
- **Ontoelaatbare Grepe:** Alle toelaatbare grepe kan gebruik word. (Kyk nog steeds vir oorheersing op vaardigheid en beskerm die onervare Stoeier deur wedstryd te stop met TS)

Voorstel van die Klasifikasie Punte Stelsel (Nordic riglyne):

Omrede ons alreeds die **Iliminasie en Algemene Wenner** Faktor verwyder het vir O/6 tot O/10, asook dat hul nie meer deelneem aan SA Kampioenskappe nie, wil ons nog steeds **"FUNdamentals" Ontwikkel!!** Die behoefte het tog ontstaan vir 'n regverdige punte stelsel om **Stoei Tegniek en Tegniese punte** aan te spoor sodat stoeiers **hulself daarteen kan meet**.
Wedstryde kan nie meer met Valle gewen word nie en Valle tel nou 4 Tegniese punte, dus word die wedstryd gestop na 15 punte oorheersing en dit sou onregverdig wees om net op Tegniese punte 'n insentief te bereken. Dit raak ook kompleks vir Beamptes om Tegniese punte op die mat op te tel en in baie gevalle laat dit die stoeiers in die groepie van 4 met dieselfde tegniese punte.
Ons het besluit om liewers met 'n **Klasifikasie punte stelsel** te eksperimenteer wat ons aan albei stoeiers kan toeken, afhangend van hoe die wedstryd plaasgevind het en wat die finale tegniese uitslag was. Daardeur kan ons altwee Stoeiers beloon vir hul tegniek en nie stoeiers benadeel wat vinnig in die wedstryd oorheers met tegniese punte en Valle nie of geen opponente het om punte teen aan te teken.

- **Soos by Nordic is daar geen 5 Punte nie**
- **4 – 0 (Blou wen met T/S)**
  - Wen **2 Rondes** met Tegniese Oorheersing en Opponent **geen Tegniese Punte** nie.
  - Besering
  - Diskwalifikasie
  - Ontrekking of Geen Opponent nie
- **4 – 1 (Blou wen met T/S met Weerstand Punte)**
  Wen 2 Rondes met Tegniese Oorheersing maar Opponente **teken wel Tegniese Punte** aan.
- **3 – 0 (Blou wen met Punte alleen)**
  Wen 2 Rondes met die meeste Tegniese Punte en Opponent **geen Tegniese Punte** nie.
- **3 – 1 (Blou wen met Punte met weerstand Punte)**
  Wen 2 Rondes met die meeste Tegniese Punte en Opponent **teken wel Tegniese Punte** aan.
- **2 – 2 (Gelykop)**
  Altwee Stoeiers teken presies dieselfde Punte en Tegniese punte aan oor 2 Rondes sonder dat een 'n Vermaning kry nie.

Stoeier met die hoogste Klasifikasie Punte sal Eerste geplaas word, indien 2 dieselfde getal punte het, sal hul direkte wedstryd die wenner bepaal, daarna stoeiers met meeste T/S oorwinnings.

Met hierdie Klasifikasie punte kan ons nou beter bepaal waar elke stoeier gevorder het in sy spesifieke groepie en opponente tov sy Tegniese vaardighede, dus kan daar nou meting plaasvind of selfs gradering deur die Stoeier of Afrigter.
Die Voorstel is ook dat daar 'n **Prestasie Prys en insentief** uitgereik word, Pryse, Medaljes & Bekers aldus dit gebeur in die lig van die Prestasie Prys, Mees tegniese of Wetenskaplikke stoeier, hoogste gradering of hoogste klasifikasie punte, **ons wil steeds wegbly van die Wenner en Verloorder term**. Bly ook net **by een Prestasie Medalje of Trofee**, dit raak kompleks om uit groepies van 4 of 3 nog Goud, Silver, brons en nog deelnemers medalje ook te plaas.

Baie Dankie vir al die positiewe insette sover ontvang!!
Enige ander voorstelle direk aan my, Jurie Human 0833020581 - juriehuman@mweb.co.za